higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 2

(9020042)

12 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–15:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

116Q1N2412

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 2
TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Daar is agt …-beginsels verbonde aan gesondheid.

A ubuntu
B wamkelekile
C hamba gahle
D Batho Pele

1.1.2 Alle Suid-Afrikaners moet gelyke … tot openbare gesondheidsorg hê.

A toegang
B sienings
C probleme
D toestemming

1.1.3 Pasiënte moet die korrekte … oor hul gesondheid aan hul dokter gee.

A prognose
B inligting
C navorsing
D beëdigde verklarings

1.1.4 Herstel beteken dat wanneer pasiënte kla oor die vlak diens wat hulle ontvang, hulle 'n ... moet kry.

A beloning
B koopbewys
C verskoning
D waarskuwing

1.1.5 Pasiënte moet met … en sorgsaamheid behandel word.

A woede
B onvriendelikheid
C onhoflikheid
D hoflikheid

(5 × 1) (5)

1.2 Moeder- en kindersorg en inenting teen belangrike aansteeklike siektes is twee elemente van die benadering van primêre gesondheidsorg.

1.2.1 Wat is *voorgeboortelike sorg*? (2)

1.2.2 Wat is *nageboortelike sorg*? (2)

1.2.3 Hoeveel dae per week moet inentings by die kliniek gedoen word? (1)

1.2.4 Noem VIER inentings wat in Suid-Afrika vir kinders gegee word. (4)

1.2.5 Wat moet elke kliniek hê om te verseker dat die koue ketting van inentings nie verbreek word nie? (2)

1.3 Daar is SES beginsels wat primêre gesondheidsorg onderstut.

1.3.1 Hoekom is billikheid 'n belangrike beginsel in gesondheidsorg? (4)

1.3.2 Onderskei tussen *tussensektorale samewerking* en *gemeenskapsdeelname*. (3 × 2) (6)

1.3.3 Verduidelik ontwikkeling van die gesondheidswerkmag as 'n beginsel van gesondheidsorg. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Illustreer aan die hand van 'n diagram die vlakke van sorg. (3 × 2) (6)

2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.2.1 Wanneer mense siek is, sal hulle eers na 'n sekondêre hospitaal gaan vir sorg.

2.2.2 'n Ambulante pasiënt is een wat 'n rolstoel benodig.

2.2.3 Alle gesondheidsorgdienste is gratis.

2.2.4 Verpleërs verskaf hoofsaaklik primêre gesondheidsorgdienste.

2.2.5 Alle medikasie wat vir pasiënte gegee word, moet op die goedgekeurde medikasielys wees.

2.2.6 Die omgewing beïnvloed nie jou gesondheid nie.

2.2.7 'n Pasiënt kan van een vlak van gesondheidsorg na 'n ander verwys word.

2.2.8 Klein en groot siektes word met dieselfde prioriteit in die wagkamer hanteer.

2.2.9 Mense met chroniese siektes word by die kliniek behandel.

2.2.10 Inenting word deur verpleërs gedoen. (10 × 1) (10)

2.3 Hoe help gesondheidsbevorderingsaktiwiteite met ’n gesonde leefwyse? (4)

2.4 ☆

Mnr Peters is ’n hartpasiënt en reis elke maand na die hospitaal. Hy woon in ’n landelike gebied en het nie ’n kar nie. Hy sukkel om elke maand vervoer na die hospitaal te kry en soms gaan haal hy nie sy medikasie nie.

Een van die doelwitte van die Suid-Afrikaanse distriksgesondheidsorgstelsel is om billikheid, toeganklikheid en benutting van gesondheidsdienste te bevorder.

Pas hierdie doelwit toe en verduidelik hoe mnr Peters daardeur geraak word.
(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 3

3.1 Daar is talle belanghebbendes in gesondheidsorg.

3.1.1 Definieer die term *belanghebbende*. ☆ (3)

3.1.2 Teken die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit deur die aard van belang van die genoemde staatsbelanghebbendes te noem.

STAATSBELANGHEBBENDE	AARD VAN BELANG
Departement van Hoër Onderwys en Opleiding	
Departement van Gesondheid	
Departement van Finansies	

(3)

3.1.3 Definieer die term *statutêre liggaam*. (3)

3.1.4 Beskryf die rol van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging as ’n statutêre liggaam. (3 × 1) (3)

☆

3.2 Teken die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit deur EEN voorbeeld van elke omvattende gesondheidsorgbeginsel te gee.


DIENS VERSKAF		OMVATTENDE GESONDHEIDSORGBEGINSELS			
		BEVORDERENDE SORG	VOORKOMENDE SORG	GENESENDE SORG	REHABILITERING-SORG
3.2.1	Seksueel-oordraagbare-infeksies				
3.2.2	Behandeling van chroniese siekte				
3.2.3	Kinder-gesondheids-dienste				

(4 × 3) (12)

3.3 Bespreek die belang van etiek in gesondheidsorg. (3 × 2) (6)
[30]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die distrikskaart van Kaapstad hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



4.1.1 Definieer die term *distrik*. (3)

4.1.2 Verduidelik wat met 'n *gesondheidsdistrik* bedoel word. (3)

4.1.3 Wat is die naam van die belangrikste wet in die verskaffing van die distriksgesondheidstelsel? (2)

4.1.4 Noem die SEWE funksies van gesondheidsdistrikte in Suid-Afrika. (7)

4.1.5 Identifiseer die SES distrikte in die Wes-Kaap wat in die kaart hier bo gewys word. (6)

4.2 Verduidelik die volgende sleutelbeginsels van die distriksgesondheidstelsel:

4.2.1 Desentralisering

4.2.2 Doeltreffendheid

4.2.3 Volhoubaarheid

(3 × 3) (9)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n uitdaging uit KOLOM B om by die korrekte klassifikasie in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Interne uitdagings	A	beïnvloed slegs een spesifieke gebied
5.1.2	Eksterne uitdagings	B	veroorsaak deur gebrek aan dienslewering
5.1.3	Sistemiese uitdagings	C	veroorsaak deur faktore buite die gesondheidsorgstelsel
5.1.4	Gelokaliseerde uitdagings	D	kwessies in die gesondheidsorgstelsel
		E	beïnvloed die hele stelsel

(4 × 1) (4)

5.2 Gesondheidsopvoeding en gesondheidsnavorsing vorm deel van primêre gesondheidsorg.

5.2.1 Hoekom is gesondheidsopvoeding belangrik? (2 × 2) (4)

5.2.2 Die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens (NHLS) is, as 'n belanghebbende in gesondheidsorg, verantwoordelik vir die uitvoer van toetse.



Noem DRIE siektes waarvoor die NHLS toets. (3)

5.2.3 Verduidelik jou begrip van 'Inspan van navorsing, inligting en bewyse' as een van die ses punte van die WGO-agenda. (3)

5.3 Watter impak het sosio-ekonomiese faktore op die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel? (6)

5.4 Op watter manier is die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000, op gesondheidsorgdienste in Suid-Afrika van toepassing? (4)

5.5 Verduidelik TWEE gesondheidsfokuspunte in beleide vir die verskaffing van primêre gesondheidsorg in Suid-Afrika, veral aan vroue en kinders. (3 × 2) (6)

[30]



TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou